# Die drie wense

1 Toe Frits een aand tuis kom, so nors en suur soos altyd, kry hy sy vrou in die kombuis. Sy het ‘n baie vreemde kyk op haar gesig. In haar skoot lê ‘n brief. “Wat makeer?” brom hy. “Kom in en maak die deur toe, Frits. Jy sal dit nie glo nie, maar die feetjies het vir ons ‘n brief geskryf. Hulle het vir ons drie wense gegee!”

2 Hy gryp die brief en lees dit sorgvuldig deur. “Ons moet die meeste hiervan maak, Magda. Ons moenie oorhaastig wees nie. Drie wense kan ons ryk maak, belangrik, beroemd! Maar ons moet vir die regte goed vra.” “Ek het klaar ‘n lys gemaak,” sê Magda en spring gou op om die lys te gaan haal. “Kyk! ‘n Paleis vir my, ‘n koning se troon vir jou. Skoonheid vir my, ‘n lang lewe vir jou. Goud en juwele... Wel, ek het só hard aan die lys gewerk dat ek nie tyd gekry het om kos te maak nie!”

3 “Wát?” bulder Frits, “Hoe kán jy verwag dat ek sulke belangrike besluite op ‘n nugter maag moet neem? Dis darem te veel gevra! Jy is so lui! Ek wens jy kon darem vir ons iets reggemaak het vir aandete – al was dit net ‘n paar worsies.”

4 Skielik is daar ‘n vreemde gezoem, en ‘n geklap van feëvlerkies, en – *plons!* – ‘n string worse verskyn op ‘n bord op die kombuistafel. Frits staar daarna en lek sy lippe af. “Jy’t ‘n wens verspil!” gil Magda duskant histerie en slaan hom met ‘n bruinbrood oor die kop. “Jy was nog altyd so domastrant! As ‘n ding gedoen moet word, moet ek dit liewers net sélf doen! O, jy maak my so woedend! Ek...ek...ek wens daardie worse sit aan jou lelike neus vas!”

5 Skielik is daar weer ‘n geluid, dié keer soos feetjies wat sing, en – *woeps!* – spring die string worse van die bord af op en gaan sit aan Frits se neus vas. Hy kyk na die worse en bars in trane uit. Albei probeer die rits worse van sy neus aftrek, maar tevergeefs. “Eina! Hulle is warm!” skree Frits. “Ek sal hulle afsny met ‘n mes,” sê Magda. “Sit neer daardie mes, vroumens! Hoe kan jy eers só iets voorstel?” En die worse bly sit net waar hulle is...

6 Op daardie oomblik klop iemand aan die deur. Frits en Magda staar mekaar hulpeloos aan. “Moenie oopmaak nie! Wil jy hê al die mense moet weet daar sit ‘n string worse aan jou neus vas?” “Wat?” roep Frits uit, “Wil jy hê ek moet vir die res van my lewe wegkruip? Ag, ek het nooit besef hoe gelukkig ek vantevore was nie. Toe’t ek nog ‘n doodgewone neus gehad. As ons net nie so maklik rusie maak nie!”

7 “Ja, ek weet, ek is baie jammer Frits,” sê Magda skaam. “Nee, nee, dit was nie jou skuld nie. Ek wens net die simpel feetjies het hulle wense vir hulself gehou en alles laat bly soos dit was.” “Ek ook,” sug Magda.

8 Weer is daar ‘n vreemde geluid, hierdie keer soos feetjies wat lag, en – *blap!* – val die worse van Frits se neus af. Frits en Magda omhels mekaar en lag en dans om die tafel. En die feetjies, wat hulle heeltyd dopgehou het, hardloop weg om nog ‘n brief te gaan pos...

(Aangepas uit: Storieman, deur Leon Rousseau, 1993)

**<u>Vrae:</u>**

Soek en omkring die regte antwoorde.

1. Wat beteken die woord “nors”?
   a) Stuurs en onvriendelik
   b) Skaam en teruggetrokke
   c) Geïrriteerd en gespanne
2. Wat beteken die woord “sorgvuldig”?
   a) Versigtig
   b) Met sorg, noukeurig en oplettend
   c) Sonder sorg, agteloos en ligsinnig
3. Frits sê vir Magda dat sy lui is omdat sy nog nie kos gemaak het nie (par. 3). Wat sal ‘n mens iemand noem wat lui is?
   a) ‘n Lafaard
   b) ‘n Lummel
   c) ‘n Luiaard
4. Wat beteken die woord “verspil”?
   a) Verkwis of vermors
   b) Weggegooi
   c) Misbruik
5. Wat beteken dit om “duskant histerie” te wees?
   a) Om verby die punt van omgee te wees.
   b) Om verby die punt te wees waar jy jou emosies onder beheer kan hou.
   c) Om verby die punt van versoening te wees.
6. Magda sê vir Frits dat hy nog altyd domastrant was (par. 4). Hoe sal iemand optree wat “domastrant” is?
   a) Hy sal sonder skaamte en vol selfvertroue optree.
   b) Hy sal onverstandig en impulsief optree.
   c) Hy sal dwaas en parmantig (uitdagend of onbeskof) optree.
7. Wat beteken die woord “vergeefs”?
   a) Nutteloos en sonder uitwerking
   b) Om iemand te vergewe

   c) Verstaanbaar

8. “Doodgewone” is die intensiewe vorm van die woord gewoon (par. 6). Gee nou die intensiewe vorm van die woord “lelik”.
   a) skreeulelik
   b) naglelik
   c) blitslelik
9. Die woord “feetjie” is ‘n verkleiningsvorm, en die woord “feë” is ‘n meervoudsvorm. Gee nou die enkelvoud:
   a) vee
   b) fee
   c) Nie een van die bogenoemde nie (daar is nie ‘n enkelvoud van feetjie of feë nie)
10. Watter woord hieronder sal die feetjies die beste beskryf?
   a) intelligent
   b) beskeie
   c) ondeund

**Antwoorde:**

Kies en omkring die korrekte antwoorde.

1.) a
2.) b
3.) c
4.) a
5.) b
6.) c
7.) a
8.) a
9.) b
10.) c